



Geloftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305
Bainsvlei
9338



Telefoon: 082 455 4303
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com
Faks: 086 619 2695

Die besluite van die 2014 Konsilie te Vegkop

[14-16 April 2014]

Die taak van die konsilie is om eietydse Godsdienstige vraagstukke binne die volk aan te spreek.

Die ernstige Godsdienstige verdeeldheid binne volksverband en die toenemende skeuring binne kerkverband getuig van Godsdienstige vraagstukke wat opgelos moet word. Die huidige toedrag van sake waarbinne die volk verkeer getuig van strafgerig en strafgerig getuig van Godsdienstige verval - Deut.28.

Gesien in die lig van Ps.127:1 en Ef.2:19-22 is die Godsdienstige huis waarin ons as volk ons bevind nie die werk van ons hemelse Vader nie.

Ps.127:1 'n Bedevaartslied. Van Salomo. As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.

Ef.2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, **:20** gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, **:21** in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, **:22** in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

Etlike vraagstukke waaroor daar onenigheid bestaan en wat tot skeuring en onmin lei, is derhalwe ter sprake gebring, nl.:

1. Invloed van siener Niklaas van Rensburg se opgetekende visioene op hedendaagse situasie.

2. Lotkroniek as agtergrond vir die gebruik van die lot as basis van Teokratiese volksordening.
3. Uitverkiesingsleer binne Skriftuurlike verband.
4. Gebruikmaking van die Heilige Name.
5. Vasstelling van kriteria om kalenders te evalueer in die lig van Bybelse vereistes.

1. Invloed van siener Niklaas van Rensburg se opgetekende visioene op hedendaagse situasie.

‘n Voorlegging oor die lewe van Siener van Rensburg word met dank aanvaar. Uit die voorlegging is dit duidelik dat die siener geplaas word in die kategorie van ware Godvresende profete. Hierdie aanspraak word gemaak vanweë die Bybelse norm van ‘n ware profet, nl. Godvresendheid en die uitkoms van sy profesieë.

Die kern van sy profesieë vir die huidige situasie van ons volk is dat die volk sal afdwaal van God se weë en as gevolg daarvan onder strafgerig gebring sal word, soos wat tans ondervind word. Ons hemelse Vader het deur die siener bekend gemaak dat Hy die strafgerig sal beëindig wanneer ons weer as volk ons in eensgesindheid tot Hom sal bekeer. Dan sal Hy ons weer ‘n vrye volk tot eer van Sy Grote Naam maak. Siener het ook gewaarsku teen die verval wat in sy kerk [Hervormde Kerk] sal intree.

Die konsilie beskou Siener se profesieë as ondergeskik maar as eietydse aanvulling tot die Bybelse profesieë. Sy bydrae gedurende die Anglo Boereoorlog beklemtoon ook die Hoër Hand se ingrepe in die oorlewing van ons as klein en geringe volk teen die aanslag van die magtigste weermag ter wêreld.

Die konsilie bevestig ook dat die profesieë nie beëindig is met die afsluiting van die kanonieke boeke nie en dat die eindtye gekenmerk sal word deur die vervulling van die profesie soos opgeteken in Handeling 2:17 en

Joël 2:28 “En daarna sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien.”

Die aanbieding is op dvd beskikbaar by Rudie Rousseau, safari africa954@gmail.com en word deur die konsilie aanbeveel.

2. Lotkroniek as agtergrond vir die gebruik van die lot as basis van Teokratiese volksordening.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorlegging waartydens getuienis gelewer is van 4500 jaar se gebruik van die lot.

Uit die voorlegging is dit duidelik dat die gebruik van die lot ‘n metode is wat JHWH [die HERE] vir Sy volk ingestel het om Hom te raadpleeg. Hierdie metode van raadpleging was op persoonlike vlak sowel as binne volksverband gebruik waarin ‘n rein en liefdevolle lewenswandel ‘n voorvereiste is. Ons Voortrekker voorsate was vertrouwd met die gebruik van die lot en is die eerste Voortrekker kerkraad d.m.v. die lot aangewys. Andries Pretorius is ook d.m.v. die lot as leier van die Strafkommando aangewys.

Benewens die Bybelse gebruik van die lot, bestaan daar ook heidense gebruikmaking daarvan, maar die Bybelse gebruik verskil van die heidense en moet nie daarmee verwar word nie.

Daar het ook onder gelowiges misbruike van die lot ontstaan, soos bv. uitgewys deur proff. JD du Toit [Totius] en W. Gesink: Dobbelspel, gelukspel, lotery, loting, toekomsvoorspelling.

Volgens Johannes Calvyn is die gebruik van die lot Bybels, en ook deel van die siviele reg. Onder bepaalde omstandighede waar sodanige twyfel bestaan wat nie uit die Bybel uitgeklaar kan word nie, is dit vir die Christen gelowige geregverdig om die wil van God ook so te wete te kom.

Die konsilie doen hiermee ‘n beroep op volksgenote om op alle terreine die verkeerde gebruik van die lot te beëindig. Die Lotkroniek is beskikbaar by www.lotkroniek.co.za en word deur die Konsilie aanbeveel.

3. Uitverkiesingsleer binne Skriftuurlike verband.

Die konsilie neem met dank kennis van die voorleggings. Die vergadering bevestig die uitverkiesingsleer as Skriftuurlik en is in ooreenstemming met die predestinasie- en uitverkiesingsleer van Johannes Calvyn - (Ioanne Calvino) soos uiteengesit in die Institusie van die Christelike Godsdiens (Istitutio Christianae Religionis – 1559) (soos in Afrikaans vertaal deur H.W. Simpson en C.C.M. Brink by PU vir CHO). Uit die Afrikaanse vertaling word na hoofstukke 3.21 tot 3.24 [bladsye 1157 tot 1239] verwys.

Die uitverkiesing word voleindig in die geloof in Christus soos belof is aan Abraham, Isak en Jakob. Die uitverkiesing is nie uit verdienste nie maar uit genade, sodat Sy Naam verheerlik sal word.

Die verskeie gelofteverbintenisse wat ons voorvaders met die HERE [JHWH] aangegaan het, bevestig dat Sy Naam oor ons as volk uitgeroep is en dat die Geloftevolk dus ook 'n uitverkore volk is. Hierdie heilige band bring mee dat die volk hom moet beywer vir die grootmaak van die Naam van JHWH [die HERE] deur die vrug van die Gees te dra soos vereis word van die ranke van die Wynstok.

4. Gebruikmaking van die Heilige Name

Die konsilie neem met dank kennis van die voorlegging. God het Sy Gedenknaam, JHWH, by die bandende bos aan Moses bekend gemaak. Die vertalers het dit met HERE vertaal. Klem word daarop gelê dat daar twee vorme van die woord “HERE” in die Ou Testament van die 1953-Bybel voorkom. In Gen.15:2 en op talle ander plekke word die woord “Here” beide met net die “H” as 'n hoofletter geskryf en ook die hele woord met hoofletters – Here HERE. Hierdie vorme dra verskillende betekenisse: **“HERE” verwys na die hoogheilige Verbondsnaam van God, die Vader, nl. JHWH**, terwyl “Here” dui op die term “Meester” wat in die grondteks voorkom as “Adonai.”

DIE BYBEL met verklarende aantekeninge word allerweë as gesaghebbend beskou. Daar word die volgende uitleg gegee oor **Ex.3:14-15** “.....En God sê vir Moses: **EK IS WAT EK IS**. Ook sê Hy: So moet jy

die kinders van Israel antwoord: **EK IS** het my na julle gestuur. (15) Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel: **Die HERE**, die God van julle vaders....., het my na julle gestuur. Dit is My Naam vir ewig, en **dit is My gedenknaam** van geslag tot geslag.”

Ex.3:14-15 word as volg verklaar:

“Vers 14: **EK IS WAT EK IS**: Die Here spreek in enigsins raaiselagtige taal waarin tog 'n rykdom van gedagtes vervat is. Die God wat Moses stuur, kan van Homself sê: **EK IS**. Dit moet nie so verstaan word dat die Here 'n koue, abstrakte "syn" is nie, maar die God van die beweging, die aksie, die God wat altyd, "daarby is", die God wat dus ook die nood van sy volk aanskou en daadwerklik sal help. Aan Sy daad sal die volk weet wie die God is met wie hulle te doen het. Hy is anders as die heidense afgode. As God sê EK IS WAT EK IS, dan verklaar Hy ook dat Hy nie verander nie, dat Hy altyd dieselfde bly, onwrikbaar in Sy trou.

Vers 15: HERE: In Hebreeus staan slegs die vier medeklinkers JHWH vas en dit het ooreenkoms met wat as EK IS vertaal is in v 14. Die uitspraak is Jahweh en nie Jehowa nie. Lg. is 'n kunsmatige gefabriseerde naam. In Afrikaans word dit vertaal as HERE, wat onderskei moet word van Here of Heer.” [*Eie aksent*]

Die konsilie doen hiermee as volg verslag m.b.t. **die Naam van ons Verlosser** - Die Seun van die Enige en Almagtige God:

Hand.4:8-12 [1933/53 Afrikaanse Bybel]

8 Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle: Owerstes van die volk en ouderlinge van Israel,

9 as ons vandag ondervra word oor 'n weldaad aan 'n siek man, waardeur hy gesond geword het,

10 laat dit bekend wees aan julle almal en aan die hele volk van Israel dat deur die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, wat julle gekruisig het, maar wat God uit die dode opgewek het, dat deur Hom hierdie man gesond voor julle staan.

11 Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.

12 En die saligheid is in niemand anders nie, **want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is**, waardeur ons gered moet word nie.

Die opskrif wat bo aan die vloekpaal aangebring is, is as volg oorgelewer:

Joh. 19:19-20

19 En Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit op die kruis gesit; en daar was geskrywe: JESUS, DIE NASARÉNER, DIE KONING VAN DIE JODE.

20 Hierdie opskrif dan het baie van die Jode geles, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was; en dit was geskrywe in Hebreeus en Grieks en Latyn.

Hiervolgens is ons Verlosser se Naam vir ons oor die eeue as volg oorgelewer:

- i) In die Griekse bronteks wat die Protestantse Hervorming as Nuwe Testament ten grondslag gelê het nl. die TEXTUS RECEPTUS, as Iesus;
- ii) In die Latynse weergawes van die NUWE TESTAMENT, as Jesu;
- iii) In die Engelse vertaling vanuit die TEXTUS RECEPTUS, as Iesus (voordat die letter "J" in gebruik geneem is);
- iv) In die Engelse vertaling met die letter "J", as Jesus;
- v) In die Nederlandse vertaling vanuit die TEXTUS RECEPTUS, as Jezus;
- vi) In die Afrikaanse vertaling (1933/1953) vanuit die TEXTUS RECEPTUS, as Jesus.
- vii) Sy Hebreeuse [Aramese] Naam was waarskynlik Jahshua, Jeshua of Jehoshua en sou Hy deur Sy ouers naastenby so genoem gewees het in opdrag van die Engel soos opgeteken in Mat.1:20-21. Sy ouers het hom dus nie Jesus genoem nie.

Sy Naam in die aanhaling hieronder is die resultaat van die oorlewering soos in die paragraaf hierbo verduidelik.

Mat. 1:20-21

21 Maar terwyl hy dit in die gedagte gehad het, verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom en sê: Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees om Maria, jou vrou, by jou te neem nie, want wat in haar verwek is, is uit die Heilige Gees;

21 en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.

Wat hierdie verskillende uitsprake betref, vind ons die volgende oortuigings:

- a) Die Hebreuse naam 'Jahshua' gee die betekenis 'Jah is heil/redding/verlossing' die duidelikste deur.
- b) Uit die Griekse weergawe wat ons in die Bybel vind (Iesous), sowel as die Latynse weergawe van die vroeë kerk (Jesu), lyk dit asof die Aramese uitspraak waarskynlik 'Jeshua' was.
- c) Omdat 'Joshua' van die Ou Testament duidelik die 'tipe' van die Messias was, kon die uitspraak ook waarskynlik 'Jehoshua' gewees het.

Die 1995 Almanak en Bybelse dagboek van die Hervormde Kerk [Dagstuk vir 17 Maart, bl.56], meld die volgende: "Die benaming, Jesus, is die Griekse weergawe van die bekende Hebreuse naam Jeshua, Joshua, Jehoshua wat beteken: Jahwe is heil, redding en verlossing."

Vervolgens die Griekse definisie van Iesous en die Hebreuse definisie van Jehoshuah volgens die Strong's Konkordansie:

G2424

Ἰησοῦς / Iēsous / ee-ay-sooce'

Of Hebrew origin [[H3091](#)]; *Jesus* (that is, *Jehoshua*), the name of our Lord and two (three) other Israelites: - Jesus.

H3091

יְהוֹשֻׁעַ יְהוֹשֻׁעַ / y^eho^hshu^a' y^eho^hshu^a'

yeh-ho-shoo'-ah, yeh-ho-shoo'-ah

From [H3068](#) and [H3467](#); *Jehovah-saved*; *Jehoshua* (that is, Joshua), the Jewish leader: - Jehoshua, Jehoshuah, Joshua. Compare [H1954](#), [H3442](#).

Al hierdie weergawes van Sy Naam dra baie gewig en dit is duidelik dat gelowiges ons Messias deur elkeen van hierdie uitsprake sal eer. Daarom vra ons dat ons as volksgenote mekaar se gebruik van die Naam sal respekteer.

5. Vasstelling van kriteria om kalenders te evalueer in die lig van Bybelse vereistes.

Die konsilie is bewus van verskeie kalenders binne volksverband wat meebring dat die sabbat nie deur almal op dieselfde dag gehuldig word nie en dat die kommersiële wêreld nie erkenning gee aan die

onderhouding daarvan nie. Vanuit Skriftuurlike perspektief is die ontheiliging van die sabbat 'n kern aspek wat aanleiding gee tot strafgerig. Die konsilie doen 'n beroep op volksgenote om volgens eie oortuiging die sabbat te onderhou soos voorgeskryf in die wet:

Exo 31:12-16

12 Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê:

13 Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek die HERE is wat julle heilig.

14 Onderhou dan die sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit onheilig, moet sekerlik gedood word; want elkeen wat daarop werk verrig, dié siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit.

15 Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan die HERE. Elkeen wat op die sabbatdag werk doen, moet sekerlik gedood word.

16 En die kinders van Israel moet die sabbat onderhou deur die sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond.

Weens die huidige toedrag van sake is die kalenderkomitee getaak om die Skriftuurlike basis van die verskillende kalenders wat gevolg word te ondersoek. Volksgenote is welkom om hul insette te lewer in genoemde verband by kalenderkomitee.gkk@gmail.com

Op die oomblik vra die komitee dat belanghebbendes 'n lys van Skrif verwysings sal aanstuur wat betrekking het op die kalenders waarvan die Skrif melding maak. Apokriewe- en Deutero-kanonieke Boeke is ook ter sprake asook ander geskiedkundige bronne.

Groete

Dr. Ronnie van der Merwe

[Voorsitter Geloftevolk Koördineringskomitee]